Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters

Uitgawe 16

Augustus 2012

Inhoud

Artikels

Ons gesels met: Margit Meyer Rödenbeck 3
Die spanning in ons huis beïnvloed my kind 4
Pienkvoet Pret: Mylpale in die eerste jaar (vervolg) 5
Kuns: Maak 'n valskerm-mannetjie! 6
Kinderpartytjies by die PLAASWERF 7
Oulike produkte: Lekkerbekkie Muis DVD 8
Oulike foto's 9

Vir die kleingoed

Storie: Lekkerbekkie en die voëltjies 1
Inkleurprentjie 2
Speletjie: woordsoek 10

Bak en brou

Resep: Kosblik-verrassings 6

Kompetisie

Julie se wenners 10

Storieklub-vorm 11

Model: Emily Sparg | Photographer: Shalom Photography - Jolandi Grundeling

Die lewe se stampe en stote…

Toe ons klein Mila die eerste keer op haar vet beentjies regop gestaan het, het ons ons harte vasgehou. Maar sy was vasberade en wou net lóóp! Met die eerste valslae het sy na ons gekyk om te sien wat ons reaksie sou wees. Ek en my man het ons seerkry diep weggesteek en vir haar geglimlag asof val die natuurlikste ding op aarde is. Vandag hardloop Mila draaie om ons. Sy val nogsteeds gereeld, maar kyk dan nie eens meer vir ons voor sy so gou moontlik weer op haar voete kom nie. Elke keer as ek dit sien bid ek stil-stil dat hierdie lewensles ook deel van haar karakter sal word soos sy ouer word: Almal val. Staan op, gaan aan, probeer weer…

In hierdie uitgawe van *Lekkerbekkie* ontmoet ons Margit Meyer Rödenbeck se dogtertjie, Luca. Ons gaan loer in by Die Plaaswerf in Durbanville, deel oulike idees vir jou kleinding se kosblikkie, en maak 'n valskermmannetjie! Lees ook meer oor ons Lekkerbekkie Muis DVD op bladsy 8.

Een ding waarvan ons baie seker is hier by Anna Emm Productions, is dat **stories** help vir die lewe se stampe en stote. So, as jy 'n klein storievraatjie grootmaak moet jy beslis by ons Storieklub aansluit om elke maand nuwe stories in die pos te ontvang! (Vorm op laaste bladsy van hierdie uitgawe.)

Groete uit die kantoor
Anna Emm

Storieklub

Ontvang 'n nuwe storieboek + cd elke maand!

(Vorm agter in Lekkerbekkie)

© Anna Emm Productions 2012

Lekkerbekkie en die voëltjies



Op ‘n mooi sonskyndag stap Lekkerbekkie Muis deur die bos. Voor in die paadjie staan ‘n pragtige rooi voëltjie. Die voëltjie wikkel haar veertjies en waai vir Lekkerbekkie.

“Oe, maar jy is mooi!” lag Lekkerbekkie Muis. “Ek gaan jou vang en op my vensterbank sit sodat ek elke dag na jou kan kyk!”

Lekkerbekkie Muis hardloop na die voëltjie toe om haar te vang, maar die voëltjie wip weg onder die bossies deur. Lekkerbekkie Muis kruip nou ook onder die bossies deur agter die voëltjie aan. Maar toe hy aan die anderkant van die bossies kom, staan daar ‘n blou voëltjie! Die blou voëltjie rek sy nekkie en fluit vrolik vir Lekkerbekkie.

“Oe, maar jy is mooi!” lag Lekkerbekkie Muis. “Partykeer is jy rooi en partykeer is jy blou. Ek gaan jou vang en op my vensterbank sit sodat ek elke dag na jou kan kyk!”

Maar voor Lekkerbekkie Muis die voëltjie kan vang, wip-wip die voëltjie om die boomstam weg. Lekkerbekkie Muis hardloop agterna en loer om die boomstam. En kan jy dit glo? Agter die boomstam staan daar nie ‘n blou óf ‘n rooi voëltjie nie, maar ‘n voëltjie met veertjies so geel soos die son!

Die geel voëltjie klap haar vlerkies en loer na Lekkerbekkie Muis se kant toe.

“Oe, maar jy is mooi!” lag Lekkerbekkie Muis vrolik. “Soms is jy rooi en soms is jy blou, en ander kere is jy weer geel! Ek gaan jou vang en op my vensterbank sit dat ek elke dag na jou kan kyk.”

Maar voor Lekkerbekkie Muis die voëltjie kan vang, fladder sy haar vlerkies en vlieg weg. Nou is Lekkerbekkie Muis sommer lus om te huil!

“Wat is fout, Lekkerbekkie Muis?” vra ‘n eekhorinkie skielik hier agter hom.

Lekkerbekkie Muis snuif en sê: “Hier was ‘n voëltjie wat eers rooi was, en toe blou en toe geel, en ek wou haar vang en op my vensterbank sit omdat sy so mooi was. Ek wou elke dag vir haar kyk, maar nou het sy weggevlieg.”

Die eekhorinkie lag en sê: “Ai, Lekkerbekkie! Jy kan nie ‘n voëltjie op jou vensterbank hou nie, jong! Maar kom ek gaan wys vir jou iets baie, baie beter as dit!”

Die eekhorinkie vat vir Lekkerbekkie Muis om ‘n draaitjie en deur ‘n bossie en tot anderkant die bome. Hulle loer deur die takkies, en raai wat sien hulle? ‘n Hele klomp rooi voëltjies, en ‘n hele klomp blou voëltjies, en ‘n hele klomp geel voëltjies wat op die grassies baljaar! Dis is die mooiste ding wat Lekkerbekkie Muis nog gesien het.

“Haai!” lag hy vrolik. “Ek het gedink dit was heeltyd net één voëltjie wat allerhande kleure geword het. Nou sien ek dis baie voëltjies! En hulle woon hier in die bos waar ek elke dag vir hulle kan kom kyk so lank as wat ek wil!”

Die Einde

Anna Emm het al meer as 700 kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is getroud met 3D animasie kunstenaar, Stefan van der Vyver. Sy is ma van Elanie (12) en Mila (1). ***www.annaemm.co.za***

© Anna Emm Productions 2012

Net oor jy nie meer in Suid-Afrika woon nie
beteken dit nie jou kind kan nie meer Afrikaanse stories luister nie!

Kies van meer as 300 Afrikaanse luisterstories vir kinders,
en laai dit af as mp3's vanaf enige plek in die wêreld!

www.RedHatter.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Margit Meyer Rödenbeck oor haar Luca...

Sy is Dowwe Dolla, die "ultimate" nimlike Liewe Heksie, die avontuurlustige Vlooi, eienaar van Die Boer Restaurant Teater, vrou vir Jurg, en mamma vir 3-jarige Luca. Lorraine du Toit het met **Margit Meyer-Rödenbeck** gesels oor haar vele rolle.

Luca is nou 3 jaar oud. In watter ontwikkelingsfase is sy nou en wat is jou grootste uitdagings?
Dis die lekkerste, bekkigste stadium, en saam ontdek ons baie dinge. My grootste uitdaging is seker dat Luca vreesloos is. 'n Ma het oë agter in haar kop nodig en tien stelle hande. En natuurlik is ons nou op die onderhandelingsfase… Ons het 'n klein politikus in wording! Daar is egter een goue reël met die grootmaak van kleuters: *Geen onderhandeling met terroriste nie!*

Jy was reeds 'n suksesvolle aktrise en het 'n suksesvolle besigheid gehad voor jy mamma geword het. Hoe het hierdie verandering jou loopbaan beïnvloed?
Die loopbaan kom verseker tweede. Ek is snoep met my tyd saam met Luca. Ek neem haar wel meeste van die tyd saam as ek toer deur die land en het gelukkig 'n wonderlike assistent, Carna Visser. En soms kom pa ook saam. So reis ons die wêreld plat! Enige werkende ma sal weet: jou slaaptyd raak minder en jy raak meer vindingryk. Maar die wonderlike les van 'n kleinding is: môre is nog 'n dag.

Jy is 'n kunstenaar; is dit vir jou belangrik om Luca kreatief groot te maak?
Luca is van nature bitter nuuskierig, so niks ontglip daardie wakker ogies, oortjies en vingertjies nie. Sy is 'n baie sosiale kind! 'n Ryk verbeelding is iets wat niemand ooit van jou kan wegneem nie, en met al die reise en vertonings word sy van kleins af blootgestel aan soveel dinge dat sy beslis nie 'n tekort aan stimulasie het nie.

Hoe het die dinamika in julle gesin met julle roetine en skedule verander?
Iemand wat sê die kinders moet by hulle patroon en ritme inpas, maak 'n groot fout! Ons *moes* aanpassings maak. Lekker kuiertye word nou gedeel met Luca; selfs die gym! Ek maak tog ook tyd vir myself deur te prober om elke week vir n "massage" te gaan! Dit is vir my noodsaaklik omdat ek my lyf nodig het as "tool" in my werk. Gym help ook om van die opgeboude spanning en frustrasie ontslae te raak. En wanneer ek kan, probeer ek 'n bladsy of drie lees. My en Jurg se alleentyd saam is uiters min, maar daarvoor beplan ons nou om vir 'n week New York toe te gaan… Weet nie hoe Ma sonder Luca gaan oorleef nie!

'n Mens sien soms baie van jouself in jou kind raak. Watter "bekende" persoonlikheidstrekke tel jy in Luca op?
Hardegat, humorsin, ongeduldig en hope energie.

Hoe het jou uitkyk op die lewe verander vandat jy ma geword het?
Dis asof jy 'n tweede kans op die lewe kry. Beslis nie dat ek my kind se lewe vir haar wil leef nie; dit voel net asof daar sin in die lewe is.

Daar is gewoonlik 'n klomp goed wat jy vir jouself belowe jy nooit sal doen nie, maar mawees kom en verander dit. Was dit met jou ook so?
Ja, ek hoor baie my ma se stem as ek praat. Ek waardeer my ma sommer baie meer as vroeër. En wens dat sy nog geleef het om haar kleindogter te leer ken.

Wat is jou drome vir Luca?
Dat sy haarself nie sal inperk nie. Mag die lewe haar speelplek bly en mag sy altyd so passievol bly!



Wat beplan jy vir jou loopbaan vorentoe? Waarmee is jy nou besig?
Die 12de Vlooi Vertoning, Vlooi en die Reënboog *begin op 13 Augustus daagliks om 09h30 en 11h00 in die Kunstekaap Teater. Kontak marinda.vlooi@gmail.com of 082 446 7265 vir besprekings. Kaartjies is slegs R35-00!*

Ek het sopas begin met *Dowwe Dolla dink diep*, waarmee ons landswyd toer. Verder neem *Die Boer Restaurant Teater* baie tyd in beslag. Ek werk ook aan die produksie *Boksballade*, 'n lewensdrama met Alexa Strachan en Franci Swanepoel, wat ek vervaardig en die regie van gedoen het. Ons het afgeskop by die Vryfees in Bloemfontein en ons beplan om hom volgende jaar die land te laat plat toer.

Jy is so 'n invloedryke en positiewe mens. Is daar iets wat jy graag vir die mammas in Suid-Afrika wil sê?
Ek weet dit is 'n cliché, maar ons kinders is die toekoms! Ons kan nie óórinvesteer in hulle nie. Ek sê elke dag dankie vir die voorreg om 'n ma te kan wees.

DIE BOER :
Kinderteater Kwartaal Program
Liewe Heksie en die Rolskaatse
- 18 Augustus 13h00
Tjiff & Tjaff
- 8 September 13h30

Kaartjies beskikbaar by
021 979 1911
www.dieboer.com

Photo: Annelize Langeveldt

© Anna Emm Productions 2012

Die spanning in ons huis beïnvloed my kind

Elke huis het maar sy spannings en sy rusies, party meer en ander minder. Dit is belangrik dat ons bewus is daarvan dat hierdie spanning 'n negatiewe uitwerking op kinders het, dat ons weet hoe om dit te probeer verminder en hoe om ons kinders te help om dit te verwerk. 'n Rusie so nou en dan oor finansies of verhoudings of tydsbesteding, is te verwagte in die meeste huwelike. Wanneer hierdie rusies egter meer die reël as die uitsondering raak, en wanneer dit nie gepaard gaan met gereelde verskoning-maak en vrede-maak nie, veroorsaak dit ongelooflik baie spanning in kinders se lewens. Hulle reageer daarop deur depressief te raak of hulle te onttrek na hulle kamers, meer tyd voor die televisie of rekenaar te begin deurbring, of selfs om te gaan wegkruip. Wanneer die spanning met aggressie gepaard gaan en wanneer ouers op mekaar skree, sal kinders die ouers se optrede begin herhaal met aggressiewe gedrag en woede-uitbarstings.

Party kinders voel emosioneel veiliger deur kant te kies en hulle emosioneel van die een ouer te verwyder. Hierdie vertroue is baie moeilik om weer te herstel. Kinders uit gespanne huise mag dalk by die huis vrolik en rustig voorkom, maar dan probleme by die skool of tussen hulle vriende ontwikkel. Veral jong kinders kry ook fisiese simptome van spanning, soos hoofpyne, maagpyne of nagmerries. Soms verval hulle in regressiewe gedrag en begin weer hulle duime suig, bed natmaak, of met hulle hare speel.

Wees baie bewus daarvan dat kinders tydens gespanne tye soos sponsies is, en hou hulle gedrag dop vir gevaartekens. Neem hulle een-een eenkant en moedig hulle aan om te praat oor wat nie vir hulle lekker is nie. Dit mag dalk nie vir jou lekker wees om te hoor nie, maar luister na alles en erken hulle emosies. Moenie verdedigend raak nie. Die emosies is werklik, maak nie saak of jy dink dis geregverdig nie.

Moenie hulle guns probeer wen, hulle deel van die rusies maak of negatiewe dinge van jou maat vir die kinders sê nie. Verseker hulle dat julle albei vir hulle lief is, dat julle julle bes doen om die probleme uit te stryk, en dat julle sal doen wat julle kan om vrede in die huis te bring. Maak beloftes en hou dit, want dit sal jou kinders se vertroue en sekuriteit opbou.

Gaan sien 'n objektiewe derde party, en sorteer die probleem so gou as moontlik uit. Onthou dat kinders dikwels die rusie sien, en dan nie bewus is van die vrede-maak wat later gevolg het nie. Hulle mag dalk spanning ronddra oor dinge wat lankal uitgestryk is.

Die storie "Wie sing so?" help kinders met spanning in die huis.

Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeiding, groepsdruk, bang vir die donker,en spanning.

Slegs R40 per CD!

Kies van 24 onderwerpe

www.AnnaEmm.co.za

DIE Vita Stories REEKS

is 'n versameling van 24 heerlike dierestories op CD, vir kinders 3-9.
Elke storie is geskryf rondom 'n ander sosiale kwessie
en word ingespan om vir kinders lewensvaardighede,
emosionele weerbaarheid en positiewe gedagtepatrone te leer.

Elke CD sluit in : 'n luisterstorie oor 'n spesifieke kwessie, 'n inkleurprentjie, 'n ouerhandleiding, en die storie in teksformaat vir voorlees.

CD1: Die oranje stertjie - EGSKEIDING
CD2: Frikke die erdwurm - VREES VIR DIE DONKER
CD3: Daar was eenmaal 'n kewertjie - MISLUKKING
CD4: Die beertjie met die seer tand - SKEIDINGSANGS
CD5: Lappie die teddiebeer - NUWE BABA
CD6: Skilpad en die jakkalsies - BOELIES
CD7: Voëls van die sonskynbos - DOOD IN DIE FAMILIE
CD8: Nollie die klein varkie - AGGRESSIEWE GEDRAG
CD9: Wie sing so? - SPANNING IN DIE HUIS
CD10: Pietertjie en Paultjie - SIEKTE IN DIE FAMILIE
CD11: Timmie in die moeilikheid - GROEPSDRUK
CD12: Topsie die seekat - DIE EENKANTKIND
CD13: Kosie Krokodil - MISLUKKING
CD14: Die ou hoekie en nuwe hoekie - EGSKEIDING
CD15: Ignatius gaan skooltoe - VREES VIR SKOOL
CD16: Stompie is ongelukkig - DEPRESSIE
CD17: Dingetjie sonder naam - LAE SELFBEELD
CD18: Wat is fout met Michael? - SPANNING
CD19: Montie die apie - DIE EENKANTKIND
CD20: Sewe klein katjies - TERG
CD21: Dippie tel 'n eiertjie op - HARTSEER
CD22: Moenie die bessies eet nie - DWELMS
CD23: Kleinbeer se geheim - MISHANDELING
CD24: Bang Bennie - VREES

R40 per dubbel CD / R650 vir die volledige reeks op 6 CDs

www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

In die vorige uitgawe het ons gekyk na jou baba se mylpale wat betref "beweging" en "oog-hand koordinasie" in sy eerste jaar.

In hierdie uitgawe bespreek ek die mylpale wat bereik moet word, wat betref sy sosiale en intellektuele ontwikkeling. Dis egter belangrik om te onthou dat elke baba sy eie ontwikkelingstyd het! Moet nooit jou baba met 'n ander baba vergelyk nie! Geniet eerder elke fase terdeë!

Hier is 'n paar riglyne van al die mylpale wat jy in sy eerste jaar kan verwag:

Sosiaal

- Vanaf 6 weke begin hy geluide maak en glimlag. In sy derde maand sal hy tydens interaksie met ander mense sy arms swaai, sy bene skop en harde geluide maak. Hy is nou 'n baie sosiale mensie en leer baie deur sy sintuie soos vel kontak, oog-kontak, geluide en reuke.
- Vanaf 6 tot 12 maande begin baba speletjies soos "handjies klap" en "Waar's hy, daar's hy" te geniet. Vanaf 7 maande be gin baba "inkennig" word en sal hy sy mamma en pappa vasklou in vreemde geselskap. Nou is die regte tyd om ander mammas en babas meer dikwels te besoek.
- Hy geniet musiek baie en gesels partykeer baie hard met ander. Hy maak met sy koppie "nee, nee, nee" en waai met die handjie "tatta".

Intellektueel

- Al slaap baba die meeste van die tyd gedurende sy eerste maand neem hy alles in wat om hom gebeur. Namate hy sy koppie beter kan beheer, neem hy al hoe meer en meer in, aangesien hy dit nou kan sien.
- Deur jou baba se sintuie te stimuleer maak jy dit soveel makliker vir hom om te leer, aangesien jou baba beter sal leer as hy soveel as moontlik van sy sintuie gebruik.
- Baba doen nou elke keer dieselfde beweging of maak dieselfde geluid as hy bekende dinge rondom hom sien gebeur, soos bv. asmammabesigismetsykos.
- Baba kan nou onderskei tussen vreemdes en mense wat hy ken.
- Hy begin om probleme op te los en sal ure sukkel tot hy dit reg kry. Gedurende hierdie "harde werk" kan baba se temperament ook waargeneem word! Bakkies en botteltjies met dekseltjies wat oop en toegedraai moet word, is nou 'n baie goeie oefening.
- Op 9 maande is voorwerppermanensie heeltemal gevestig en sal baba dadelik begin soek na iets wat jy nou net weggesteek het.

Ek nooi jou uit om 'n gratis les te kom bywoon by **PIENKVOET-PRET** waar ons al spelende leer. Babas tussen 3 maande en 3 jaar woon die klas saam met mamma by. Klasse is 'n uur en 'n half lank en tydens die les word alle vlakke van ontwikkeling aangeraak. Ons leer jou hoe om jou baba speel-speel te stimuleer en gee vir jou wenke en idees wat jy tuis kan herhaal. By Pienkvoet-Pret kan jou baba leer om "veilig" te sosialiseer terwyl mamma 'n ogie hou! Kontak ons gerus vir meer inligting en om jou plekkie te bespreek! Besoek ook gerus ons webwerf by www.pienkvoetpret.co.za en gaan loer na ons oulike dvd op Facebook!

© Anna Emm Productions 2012

Kuns



Ure se pret soos wat jy en die kleingoed hierdie mannetjie in die lug gaan opgooi!

Wat jy nodig het:

Dik wit karton
Koki's en inkleurkryte
Skêr
Toutjies
Plastieksak
"Cellotape"
Gaatjie-drukker

Metode:

1. Teken 'n lekker groot mannetjie op die wit karton, kleur dit in en knip dit uit.

   Maak ook 'n agterkant vir die mannetjie en plak die voor- en agterkant bo-op mekaar. Onthou dat hy sy arms bo sy kop moet uitstrek soos wat hy die valskerm sal vashou!

2. Plak "cellotape" rondom elke hand. Dit maak die karton sterker.

3. Druk 'n gaatjie in elke hand

4. Sny twee stukkies tou van dieselfde lengte. Maak aan elke hand 'n toutjie vas en die los punte maak jy dan aan die "handvatsels" van die plastieksak vas.

Resep

Maak hierdie spesiale toe-broodjies om die kosblikke op te helder!

Wat jy nodig het:

Snye brood (wit of bruin)
Botter of margarien
100's & 1000's sprinkles
Grondboontjiebotter
Piesang
Marmite
Kaas
Mayonnaise
Viennas
Maaskaas
Biltong
Glas
Koekie-drukker

Metode:

1. Druk 'n sirkel (met 'n glas) of vierkant uit 'n klompie snye brood
2. Neem die helfte van die broodjies en druk 'n vormpie uit die middel van die sirkel of vierkant
3. Smeer die vol broodjie met botter of margarien en besprinkel met 100's & 1000's. Plak die snytjie met die vormpie bo-op.
4. Herhaal stap 3 met die volgende variasies:

   - Grondboontjiebotter met 'n skyfie piesang in die vormpie-gaatjie.
   - Kaas
   - Marmite met kaas in die vormpie-gaatjie.
   - Mayonnaise met 'n Vienna skyfie in die vormpie-gaatjie.
   - Maaskaas met fyn biltong in die vormpie-gaatjie.

© Anna Emm Productions 2012

Kinderpartytjies by die PLAASWERF!

Elke Vrydag & Saterdag sal jy kleurvolle balonne in Langeberg Ridge sien. Dit is om aan te kondig dat daar nog ‘n partytjie is by *Plaaswerf! Theresa Engelbrecht,* die eienaar, vertel ons meer van *Plaaswerf Kinderpartytjies.*

Wie is Plaaswerf se mark?
Plaaswerf Kinderpartytjies is gefokus op 1-7 jariges. Die kinders is mal oor die plaasdiere en stadsjapies word nie altyd blootgestel aan die plaaslewe nie. Ons bied die geleentheid vir kinders om hulle verjaarsdagpartytjie hier te hou en dan die “touch farm” te geniet waar ek hulle persoonlik neem om diertjies kos te gee en vas te hou. Dit is ook gefokus op ouers wat nie ‘n partytjie by die huis kan of wil hou nie, want wie wil nou huis skoonmaak na die tyd? Ons “host” ‘n twee ure partytjie en mamma kan haarself geniet saam met haar vriende en familie en baie foto’s neem!

Hoe lank bestaan Plaaswerf al?
Die “ou” *Plaaswerf* was op die Klein Phesantekraal plaas. Ons het dit oorgekoop aan die einde van 2010 en hard gewerk om ons deure te kom oopmaak in Februarie 2011. So, ons hou al vir een en ‘n half jaar partytjie!

Waar het die idee van ‘n partytjie-venue ontstaan?
Twee van my passies is kinders en om te organiseer! Die buitelewe en diere is ‘n bonus! Ek was by ‘n partytjie by die “ou” *Plaaswerf* waar ek toe hoor dat die eienaar die besigheid wil verkoop. Met ‘n hupstootjie van my swaer het ek huistoe gegaan met groot opgewondenheid. Ek en my man het begin droom en twee maande later het ons die besigheid oorgekoop.

Het die oorspronklike konsep al verander?
Ons hou nie net partytjies nie, maar laat speelskool groepies kom vir uitstappies. Ons sing plaas-liedjie. Dit is wonderlik om die plaastema kurrikulum van die skooltjies praktties uit te voer by Plaaswerf!

Watter deel van die partytjies is vir jou die lekkerste?
Om persoonlik met die kinders op hulle vlak te wees. Om hulle te help om die diere te voer en vas te hou… Wanneer ek daardie glimlag van ekstase sien, dan blom my hart! Ook om die mamma se werk ligter te maak en haar te dien sodat alles “tip-top” is – ek hardloop rond sodat sy kan ontspan! Vanaf die oomblik wat die mamma bespreek tot die dag van die partytjie word daar lysies gestuur sodat mamma weet wat om te doen en wie om te kontak.

Wat is die uitdagings vir jou met die bestuur van so ‘n partytjie-venue?
Saterdae! Ek doen drie partytjies en het slegs 30 minute om die venue te transformeer sodat alles reg is vir die volgende partytjie! En dan: te veel admin, te min tyd! *To stay on top of things all the time!*

Wat is die aktiwiteite wat jy tipies by Plaaswerf sal vind?
Die hele idee is om ‘n plaaservaring te hê! Die partytjie temas is BARNYARD FARM ANIMALS, COWBOYS & COWGIRLS en PLAASSEUN & TREKKERS. Dit pas lekker in met die hooibale in die stal en die ou plaastrekker! Die kinders voer die skapies uit hulle hand, hou die vriendelike hoender vas, en die hoogtepunt is gewoonlik die hasie hok waar elkeen ‘n hasie vashou. Wat ‘n storie om hulle uit te kry! Dit is ‘n persoonlike ervaring, aangesien al die diere name het!

Wanneer daar lammertjies is, vra ek die verjaarsdag maatjie se pappa om die lammertjie te vang! Wat ‘n gedoente! Daar was al tot vark gevang! ‘n Plaaswerf ervaring is anders, ‘n eerste vir baie kinders… En wanneer dit reën? Dan kom kuier al die diere binne die stal!

Wat sal jy nog graag wil ontwikkel?
Ons is tans besig met die konsep om ‘n koffiewinkel oop te maak – ‘n sjiek plaaswinkel waar ouers of oumas & oupas kinders kan bring om diertjies te sien terwyl hulle ‘n koppie koffie en roosterkoek op die stoep kan geniet! Die lekker ou plaaslewe…

Mense wat opsoek is na ‘n partytjie-venue, watter raad en “tips” sal jy vir hulle gee?
Die belangrikste is om lank voor die tyd te bespreek, 2-6 maande voor die tyd om die datum en tyd te kry wat jy wil hê! Die Kaapse weer is lekker wispelturig - maak seker daar is ‘n onderdak area as die buie neerval. Maak seker dit is nie net ‘n venue nie, maar dat daar ook aktiwiteite is vir die kinders. Maak seker die venue is kinder-vriendelik en gepas vir jou kind se ouderdom. Kies ook ‘n plek waar dit ‘n “privaat funksie” sal wees.

www.plaaswerf.co.za
theresa.engelbrecht@gmail.com
082 564 0100
Facebook: Plaaswerf Kids Parties

© Anna Emm Productions 2012

Het jy geweet dat van die stories wat ons elke maand in die Lekkerbekkie tydskriffie publiseer, ook op DVD beskikbaar is? Ons eerste Afrikaanse storie-DVD, "Die Avonture van Lekkerbekkie Muis" is in 2011 vrygestel en is sederdien een van ons topverkopers!

'n Hele paar akteurs is ingespan om die karakterstemme te doen, en saam met vrolike musiek, lewendige byklanke en kindervriendelike animasie, is hierdie produk beslis 'n moet vir elke huis waar daar kinders is!

Die DVD is geskik vir kinders tussen 2 en 5 jaar, maar ons hoor by ons kliënte dat selfs die heel kleintjies net so gefassineerd na die skerm staar wanneer die stories begin!

Die onderwerpe en die woorde in die stories is eenvoudig genoeg sodat jong kinders dit maklik kan volg.

Wanneer Lekkerbekkie Muis se huisie natreën moet hy vir hom 'n nuwe huisie gaan soek.

Wanneer hy nuwe skoene kry will hy graag hê almal moet dit sien, maar al die diere is te besig met ander dinge. En wanneer die wind sy kombersie wegwaai, moet Lekkerbekkie Muis dit agterna sit! Die DVD bevat 60min se kykgenot, en daar is agt oulike stories:

1. Lekkerbekkie se nuwe huis
2. Lekkerbekkie en die diere
3. Lekkerbekkie verjaar
4. Lekkerbekkie se nuwe skoene
5. Lekkerbekkie en die wind
6. Lekkerbekkie gaan kuier
7. Lekkerbekkie se maats
8. Lekkerbekkiekry verkoue

"Die Avonture van Lekkerbekkie Muis" is beskikbaar by Anna Emm Productions teen R149 en kan bestel word by 021 911 5618 mail@annaemm.co.za www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Kosbare oomblikke

Ons lesers deel hulle foto's - elkeen van hierdie maatjies wen 'n geskenkbewys vir 'n storie-CD!

CARU KOCH & OUMA JULIET

ISABELLA JOAN SCHOLTZ & OUMA EN OUPA SNYMAN

CHRISTIAAN MARAIS & SY OUMA

HANRU JANSE V NOORDWYK & OUPA ARNAUD & OUMA HEYLA

ZANDRE& SY OUPA

MARTIN VD MERWE & OUPA JOHAN

MILA VAN ECK & OUPA MARTIN BASSON

ELRI EN ELLE CLOETE & OUMA ELFREDA

NIKA GROENEWALD & OUPA GERHARD EN OUMA ELMARIE

MARLEE & MARGERINUS ODENDAAL & OUMA REINETTE & OUPA SAREL

© Anna Emm Productions 2012

WOORDSOEK

S	T	O	E	P	S
L	N	I	U	T	T
A	E	O	G	E	E
A	P	R	R	I	N
P	O	A	A	K	T
T	A	P	S	L	E

Agt (8) woorde is hier weggesteek. Hulle kan horisontaal (van links na regs OF van regs na links), diagonaal (skuins van die hoeke af) of vertikaal (van bo na onder OF van onder na bo) in die rooster wees en dele van die woorde val soms oor mekaar.

Gras	Spat	Tuin	Slaap
Snork	Tent	Grot	Stoep

Gaan "like" ons Facebook blad vir

* weeklikse kompetisies

* interessante gesprekke

* oulike idees

KLIEK HIER!

Julie se wenners!

JADRÉ VD HEEVER | ILZE STEYN | SERELDA POTGIETER

Storieklub CD Kompetisie
Ilze Steyn, Jadré vd Heever, en Serelda Potgieter.

Facebook Kompetisie
Janine Hough Bothma, Helene en Gerald Ehlers, Esme Leonie Ludick, Elizma Engelbrecht Olivier, Charne Graaff Gates, Rika le Roux, Annamarie Smith, Alida Fourie, Amanda Wright, Ilze Pieters, Mariska Stephens, Magriet Geldenhuys, Anel Potgieter, Natacha Nelson, Heidi Nel, Chantel Prinsloo, Gwendolyne Marais, Loret Wade Truter, Annette van der Merwe en Susan Pretorius Minnie.

Gift Voucher

Beaudèle Health & Beauty cc

CK 2003/029970/23

10% discount

Take this voucher with you and pay only R99 for a manicure, or R140 for a pedicure!!

PROUD SPONSOR OF ANNA EMM

3 Pres Brand Cres.
Panorama, Cape Town Tel. 021 930 1065

STORIEKLUB LIDMAATSKAP-VORM:

Kliek op die "fields" om jou inligting in te vul. Kliek dan "stuur" om die vorm aan ons te stuur.

Naam van Rekeninghouer: _____

Posadres vir pakkies: _____

Huis nr: _____ Sell: _____ Epos: _____

Ek wil aansluit by die STORIEKLUB vir 6 maande en kies die volgende pakket:

NB: Alle pryse sluit posgeld in vir 'n verwysingsnommer-pakkie, behalwe die eerste opsie (R79) wat met gewone pos gestuur word.

Pakket	Maandelikse fooi	Maandelikse pakkie sluit in
□ **STORIEKLUB BASIES**	**R79 per maand**	**1 x CD (4 stories) per maand** - waarde R80
□ **STORIEKLUB BASIES** *met "tracking nr*	**R99 per maand** Namibië = R105	**1 x CD (4 stories) per maand** - waarde R80
□ **STORIEKLUB BASIES -100**	**R119 per maand** Namibië = R125	**1 x CD (6 stories) per maand** – waarde R100
□ **STORIEKLUB DUBBEL-80**	**R159 per maand** Namibië = R179	**2 x CDs (4 stories elk) per maand** - waarde R160
□ **STORIEKLUB DUBBEL-100**	**R179 per maand** Namibië = R199	**1 x CD (4 stories) per maand** **1 x CD (6 stories) per maand** – waarde R180
□ **STORIEKLUB BOEK&CD**	**R130 per maand** Namibië = R150	**1 x Afrikaanse Kinderstories boek + CD** (4 stories) - waarde R120
□ **STORIEKLUB BOEK&CD DUBBEL**	**R250 per maand** Namibië = R280	**2 x Afrikaanse Kinderstories boeke + CDs** (4 stories elk) waarde R240

NB: Indien jy graag spesifieke CDs wil ontvang, noem hulle titels hier. Ander stuur ons vir jou ons eie seleksie uit ons katalogus. Produkte mag ongelukkig nie na ontvangs omgeruil word vir ander produkte nie. (Vir meer besonderhede oor ons produkte besoek www.AnnaEmm.co.za):

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Debiteer my rekening op die 1ste werksdag van elke maand oor 'n periode van 6 maande:

Bank: _____ Tak: _____ Takkode: _____ Rek.tipe: _____

Naamhouer van rekening: _____ Rekeningnommer: _____

This signed Authority and Mandate refers to our contract as dated as on signature hereof ("the Agreement"). I / We hereby authorise you to issue and deliver payment instructions to the bank for collection against my / our abovementioned account at my / our above mentioned bank (or any other bank or branch to which I / We may transfer my / our account) on condition that the sum of such payment instructions will never exceed my / our obligations as agreed to in the Agreement, and commencing on the commencement date and continuing until this Authority and Mandate is terminated by me / us by giving you notice in writing of no less than 20 ordinary working days, and sent by prepaid registered post or delivered to your address indicated above. The individual payment instructions so authorised to be issued must be issued and delivered as follows i. On the 1ste working day ("payment day") of each and every month commencing on the first date applicable following the date on this agreement. In the event that the payment day falls on a Saturday, Sunday or recognized South African public holiday, the payment day will automatically be the very next ordinary business day. Further, if there are insufficient funds in the nominated account to meet the obligation, you are entitled to track my account and re-present the instruction for payment as soon as sufficient funds are available in my account; ii. Monthly; on or after the dates when the obligation in terms of the Agreement is due and the amount of each individual payment instruction may not be more or less that the obligation due; I / We understand that the withdrawals hereby authorised will be processed through a computerized system provided by the South African Banks and I also understand that details of each withdrawal will be printed on my bank statement. Each transaction will contain a number, which must be included in the said payment instruction and if provided to you should enable you to identify the Agreement. A payment reference is added to this form before the issuing of any payment instruction. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that all payment instructions issued by you shall be treated by my/our above mentioned bank as if the instructions had been issued by me/us personally. I / We agree that although this Authority and Mandate may be cancelled by me / us, such cancellation will not cancel the Agreement. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that this Authority and Mandate has been ceded to Netcash (Pty) Ltd as per your agreement with Netcash (Pty) Ltd, but in the absence of such assignment of the Agreement, this Authority and Mandate will be null and void.

_____ _____

Handtekening

stuur

Datum